SPESIALE OORSIG



# DIE NG KERK VANDAG

## NOVEMBER 2022

Wat het geword van die eens magtige NG Kerk?

*- saamgestel deur Gerrie & Hettie Schoeman*

SOC BUSINESS CONSULTING



02

NG Kerk Lindenpark maak plek vir behuising

# WAT HET GEWORD VAN DIE EENS MAGTIGE NG KERK?

Gerrie was eens op 'n tyd 'n dominee in die NG Kerk.

30 jaar gelede sou geeneen hoegenaamd kon voorsien dat die NG Kerk van vandag ernstig gevaar loop om ten gronde te gaan nie. Gemeentes kwyn  en verwaarloosde kerkgeboue is sigbaar regdeur ons land. Ons lees van diep teologiese verdeeldheid en talle gemeentes wat doleer.

Wat is die kanse dat die NG Kerk gaan oorleef en is daar hoop vir hierdie eens invloedryke instansie?

Gerrie en Hettie Schoeman het vir twee jaar met 'n kar en karavaan Suid Afrika deurkruis om na kerke te kyk en met gewone mense te praat. Hulle het gekyk wat oor die kerk geskryf word en na elkeen van die gelyste  gemeentes van die NG Kerk in die digital media gaan soek.

Hierdie is 'n oorsig van wat hulle gesien het.





## NG KERK 1986

"Die NG Kerk met haar elf sinodes was 'n groot kerk, verreweg die grootste kerk onder Afrikaners. Die lidmaattal, volwassenes en kinders, het teen 1986 'n hoogtepunt van sowat 1,4 miljoen bereik".

-"*Drie Dekades van Verandering" Neels Jackson*

## NG KERK 2020

"Dit bring die aantal belydende lidmate op 691 050 te staan. Ook dooplidate (lidmate wat nog nie belydenis van geloof afgelê het nie) het gedaal met 1 966 vergeleke met die vorige jaar en staan nou op 189 439".

- *"Die Kerkbode 23 Januarie 2019" Gustav Claasen*







# 04

## Gemeentes word al minder...

Die aantal NG gemeentes het van 1985 tot begin 2012 met 93 afgeneem, van 1 246 tot 1 153. Teen 2014 het die aantal gemeentes met nog 15 afgeneem tot 1 138. In 2019 was daar nagenoeg 1 115.

Vandag word daar steeds 1108 NG Kerk gemeentes op Wikipedia gelys. Gaan soek mens egter na hierdie 1108 gemeentes, kom jy baie gou agter dat heelwat van hulle nie meer bestaan nie.

Ons kon nie met sekerheid vasstel presies hoeveel aktiewe gemeentes vandag nog bestaan nie, maar dit is duidelik dat die gemeentes vinnig al minder word.





# 05

## Wat ons sien...

### Dalende Lidmaat Getalle...

In 2019 het die aantal belydende lidmate van die NG Kerk op 691 050 gestaan, terwyl daar 189 349 dooplidmate was. Dit beteken dat die lidmaat getalle van die NG Kerk sedert 1985 met ongeveer 50% verminder het.





# 06

## Wat ons sien...

### Minder en ouer mense, min jongmense...

Dit is steeds 'n geval van minder en ouer lidmate, maar die NG Kerk se jongste koppetelling is nie rede om "kleinserig" te wees nie, meen dr Gustav Claassen, algemene sekretaris van die NG Kerk.

- https://kerkbode.christians.co.za/2019/01/23/lidmaatskapdaling-nou-moet-tendense-verstaan-word/







# 07

# Wat ons sien...

## Leë en verwaarloosde kerkgeboue...



NG Kerk De Hoop, net buite Oudtshoorn, staan leeg sedert 2003

Baie van Suide Afrika se pragtige kerkgeboue loop die gevaar om bouvallig te word en om gevolglik vir ewig vir die nageslag verlore te wees. Dis dalk deels die rede waarom daar deesdae soveel koffietafelboeke met kunsfoto's van kerkgeboue gepubliseer word.

### *Waar, o waar, is die lidmate?*

Wat my verder opval is die hoë vlakke van kommer wat oor die bewaring van baie van hierdie geboue uitgespreek word. Hierdie kommer hou veral verband met die drastiese afname in die aantal ingeskrewe lidmate van Afrikaans-gereformeerde kerke die afgelope twee dekades

*Andries Bezuidenhout op Netwerk24...https://www.netwerk24.com/Netwerk24/behou-kerkgeboue-vir-nageslag-20161025*



# 08

## Wat ons sien...

### Gebrek aan Geld...

'n Refrein wat van die kleinste gemeente in die diep platteland tot in die kantore van die algemene sinode van die NG Kerk gehoor word, gaan oor die toenemende gebrek aan fondse. Te min geld plaas gemeentes in 'n soort van oorlewingsmodus. Dominees word nie volgens sinodale skaal vergoed nie; kontrakposte word al hoe meer algemeen; dominees tree af om pensioen te ontvang en word onmiddellik weer aangestel in dieselfde gemeente om hulle bekostigbaar vir die gemeente te maak en vir die dominee die dubbele voordeel van pensioen en salaris te verseker. In sommige gemeentes het die werk van die dominee verskraal tot dié van fondswerwer. Vir die dominee in 'n gemeente wat finansieel sukkel, is dit belangrik dat die gemeente finansieel oorleef, want dit is letterlik die brood en botter van die dominee en sy gesin wat hier onder bedreiging kom.

- Fanie Snyman: Is die NG Kerk 'n slagoffer van kerkkaping? Litnet 15 Nov 2019

*'Verskeie gemeentes in die NG Kerk verkeer in 'n benarde finansiële posisie en in sommige gevalle moes daar selfs afleggings van personeel wees omdat daar nie genoeg geld is nie.*

- Jean Oosthuizen: NG Kerk-gemeentes in finansiële dilemma weens grendelstaat https://voertaal.nu/ng-kerk-gemeentes-in-finansiele-dilemma-weens-grendelstaat/





# Wat ons sien...


## Diep verdeeld...

Intussen het die storm in die NG Kerk oor selfdegeslagverbintenisse nog lank nie gaan lê nie. Verskeie gemeentes het volgens ’n verslag wat voor die kerk se leiers gedien het, aangedui dat hulle doleer as gevolg van die 2019-besluit insake selfdegeslagverbintenisse. Om te doleer is kerklike taal vir wanneer ’n gemeente “treur” oor ’n besluit van die kerk. Dit is ’n manier om protes aan te teken teen besluite waarmee hulle nie saamstem nie. Dit het egter geen kerkregtelike status nie. Gemeentes wat doleer, geniet steeds al hulle voorregte en moet al hulle verpligtinge ten aansien van die kerkverband nakom.

-https://voertaal.nu/ng-kerk-gemeentes-in-finansiele-dilemma-weens-grendelstaat/

Kairos Netwerk bestaan uit huidige en gewese NG-kerk lidmate, kerkrade, gemeentes, ringe, streeksinodes en ander geloofsgenote van buite die NG-kerk, wat saamstem dat die interpretasie van die Bybel deur die NG-kerk se Algemene Sinode onskriftuurlik is en daarom nie die besluite van die Algemene Sinode kan aanvaar nie.

-https://kairosnetwerk.net/wie/





# 10

# Wat ons sien...

## Sommige dinge het verander...

Vir baie mense is die kerk vandag 'n vreemde oorblyfsel uit die verlede. Byna soos 'n skeepswrak. Iets waarin argeoloë dalk sal gaan rondkrap. Maar nee, nog nie heeltemal nie. Die kerk van vandag is meer soos 'n skip wat ronddryf. Sonder 'n spesifieke koers.

-https://www.litnet.co.za/die-opkoms-en-ondergang-van-die-ng-kerk-deur-jean-oosthuizen-n-lesersindruk/




Die NG Kerk se verweefdheid met Afrikaner-nasionalisme het dié kerk duur te staan gekom en gebring tot by 'n posisie waar dit waarskynlik nie in sy huidige vorm sal bly voortbestaan nie. Die gemiddelde ouderdom van die deursneelidmaat is besig om drasties te styg, en baie gemeentes sukkel om kop bo water te hou en sluit selfs hulle deure. Die kerk wat 'n sentrale rol gespeel het in die ontwikkeling van soveel gemeenskappe, voer 'n sukkelstryd teen 'n ontploffing van kennis, en slaag nie daarin om by veranderende tye aan te pas nie.

-https://www.litnet.co.za/die-opkoms-en-ondergang-van-die-ng-kerk-deur-jean-oosthuizen-n-lesersindruk/





# Wat ons sien...

## ...en tog bly dit eintlik dieselfde

Baie het verander die afgelope 30 jaar, maar nie wanneer jy op ’n Sondagoggend deur die deure van ’n NG Kerk stap nie. Natuurlik het klein dingetjies verander. Mense trek dalk vandag gemakliker aan vir kerkdienste. Hulle sing nuwer liedere as jare gelede. Daar is soms ’n vrou op die kansel. En kinders gebruik deesdae ook nagmaal. Maar wanneer mens ’n kerk besoek, dan stap jy eintlik byna terug in die tyd. Dieselfde ou debatte woed vir dekades, soms selfs eeue, en kom nooit tot ’n einde nie. Daar is ’n alewige toutrekkery oor beuselagtige dogmatiese leerstellinge wat eintlik maar niks anders is as kerkpolitiek en ’n spel om mag nie.

- https://www.litnet.co.za/die-opkoms-en-ondergang-van-die-ng-kerk-deur-jean-oosthuizen-n-lesersindruk/



NG Kerk Aucklandpark staan al vir 20 jaar leeg en vervalle

*Die Suid Afrikaanse samelewing het baie verander sedert 1990, en so ook die NG Kerk. Tog kry mens die indruk dat hoe meer dinge in die NG Kerk verander, hoe meer bly dit dieselfde...*



# *Wat ons sien...*


## Gemeentes is nie sigbaar in die digitale ruimte nie...

*87% van NG Kerk Gemeentes het nie 'n Webblad nie!*

Ons leef in 'n Digitale Wêreld en enige organisasie wat nalaat om pro-aktief in digitale of aanlyn sigbaarheid te belê, sal dit baie moeilik vind om relevant te bly in die moderne wêreld.

-

https://www.socbusinessconsulting.com/_files/ugd/32f142_358f91af094d4003b52052ec261fc08a.pdf







# Wat ons sien...

**Praat nie in die taal waarin die moderne mens kommunikeer nie...**

Hoewel ons hier en daar 'n gemeente raakgeloop het wat die trefkrag van goeie kommunikasie op sosiale media verstaan, neem verreweg die meeste gemeentes sosiale media nie ernstig op nie. Heelwat gemeentes het inderdaad 'n profiel op die gewilde Facebook, maar pos ongereeld of is nou onaktief. Wat wel opmerklik was van hierdie profiele is die volgende:

- Plasings is sonder 'n duidelike plan of strategie
- Plasings is hoofsaaklik gebruik as 'n uitsaaimedium vir preke op You Tube
- Plasings is ongereeld, meestal generies en sonder gesag
- Baie min interaksie en kommentaar van gemeentelede
- Ignoreer die wêreldgebeure buite die kerk
- Geen "Call to Actions"







# Wat ons sien...

## Gebruik nie kragtige kommunikasie instrumente soos epos bemarking nie...

Epos kan vandag dieselfde verreikende hulpmiddel vir gemeentes wees as wat die drukpers was gedurende die Hervorming. Besighede verstaan lankal die waarde van 'n epos-adreslys, epos automatisering en gereelde epos nuusbriewe. Maar waarom gemeentes huiwerig is om hierdie kragtige instrument te gebruik is net so onverstaanbaar soos die gebrek aan 'n webblad by die meeste gemeentes.

Tydens die Hervorming is die tegnologie van die dag suksesvol ingespan om die "nuwe leerstellings" na die mense uit te dra.
Mens kan nie help om te wonder waarom gemeentes van die NG Kerk nie dieselfde entoesiasme toon vir 'n skitterende kommunikasiemodel, met die tegnologie van vandag tot hul beskikking nie.

*"The printing press, credited to the German inventor and printer* **Johannes Gutenberg** *(l. c. 1398-1468) in the 1450s, became the single most important factor in the success of the* **Protestant Reformation** *by providing the means for widespread dissemination of the "new teachings" and encouraging independent thought on subjects previously rigidly controlled by a literate elite".*

- https://www.worldhistory.org/article/2039/the-printing-press--the-protestant-reformation/







# GAAN DIE NG KERK OORLEEF?



### Waarskynlik nie...

Die indruk van buite is dat die NG Kerk in sy huidige vorm waarskynlik nie sal bly voortbestaan nie, daar is net te veel gevaarligte dat die kerk nie gaan oorleef nie weens:

- Diep teologiese verdeeldheid
- Gemeentes wat oorgang na 'n diverse samelewing baie moeilik vind
- Afwesigheid op die digitale "markplein" van hedendaagse interaksie
- Die gebrek aan kommunikasie in die taal van die moderne mens op die platforms waar interaksie plaasvind
- Die kerk se weerstand teen beskikbare tegnologie om sy boodskap uit te dra
- Lidmaat getalle wat kwyn
- Gemeentes wat verdwyn
- Finansies wat onder druk is
- Kerkgeboue wat leegloop en verwaarloos word
- Min entoesiasme by jongmense





# WAT BLY DAN OOR?

### Sommige gemeentes sal wel oorleef...

Ons het wel dinamiese en lewenskragtige gemeentes raakgeloop wat baie goed daarin slaag om die brug te bou na die moderne, diverse samelewing. Daar is gemeentes wat baie goed kommunikeer in die digitale ruimte. Hierdie gemeentes sal beslis oorleef.

Ongelukkig vind ons dat die meerderheid NG Gemeentes egter nog afwesig is op die digitale "markplein". Hierdie gemeentes word vinnig al kleiner en is oppad om te verdwyn.

### Partykeer goed om te hoor wat 'n buitestaander sê...

Dit lyk of baie dominees en lidmate in die NG Kerk in ontkenning leef van wat besig is om te gebeur. Gemeentes trek saam in klein, eksklusiewe laers, oënskynlik blind vir die groter prentjie. Met goeie teologiese argumente of piëtistiese geloof word in ontkenning voortgebeur, partykeer selfs met merkwaardige resultaat.

Maar soms is dit goed om ook te luister na die indrukke van buitestaanders.

# EEN BELANGRIKE ASPEK STAAN UIT



**Meeste NG Kerk Gemeentes is nie sigbaar op die "markplein" nie...**

Hoewel sinodes en sinodale strukture oor die algemeen redelike goeie webblad en sosiale media sigbaarheid het en daar ook dinamiese gemeentes is met uitstekende digitale sigbaarheid, is dit onverstaanbaar dat **net 13% van gemeentes** landwyd 'n webblad het.

Baie van die wat wel webblaaie het, vertoon egter amateuragtig en is nie op datum of funksioneel nie. Die indruk word geskep dat gemeentes nie gemaklik is met sosiale media nie, terwyl dit juis die arena is waar mense daagliks ure lank verwyl.

Die dae van **digitale teenwoordigheid** vir enige NG gemeente as 'n "nice-to-have" is getel. Geen gemeente kan dit meer bekostig om digitale sigbaarheid te ignoreer in 'n konstante veranderende wêreld nie.

Die **"markplein"** waar gewone mense elke dag leef en werk is die digitale ruimte. As d**ie kerk hier 'n sê wil hê, gaan sy stem op hierdie "markplein" gehoor moet word of verwag om vir altyd stil te raak.**








# Wat is nodig om sigbaar te wees in die digitale ruimte?

## 'n Goeie Webblad


Wanneer mense vandag op soek is na inligting, is die internet die plek waar almal begin. 'n Gemeente sonder 'n lewendige en aktuele webblad is eenvoudig nie sigbaar nie. 'n Goed ontwerpte webblad is die ingangsportaal na die gemeente.

## Aktiewe Sosiale Media

Sosiale media is die platforms waar mense vandag kommunikeer. As enige gemeente mense wil bereik, is 'n aktiewe teenwoordigheid op sosiale media noodsaaklik. Platforms soos Facebook, Instagram en Twitter is noodsaaklike gereedskap in kommunikasie vandag.

## Georganiseerde Epos Bemarking

Epos is 'n kragtige stuk gereedskap om met huidige en toekomstige lidmate op gereelde basis te kommunikeer. Elke gemeente behoort 'n aktiewe epos adreslys te bou waardeur inligting kan vloei en nuusbriewe gestuur word.




# Meet jou Gemeente se digitale sigbaarheid...

Meet gerus jou gemeente se aanlyn sigbaarheid in die digitale ruimte.

Klik op die skakel hieronder en laai hierdie handige PDF meetinstrument gratis af.

**DOWNLOAD PDF CHECKLIST HERE**








# MAAK KONTAK

**COMMENT** **CONTACT US** **E-MAIL US**

## OF

### BESPREEK 'N GRATIS AANLYN KONSULTASIE

**BOOK NOW**

10 Rose Close, Oude Westhof, Bellville, Weskaap

+27 74 364 9092

www.socbusinessconsulting.com